

Veilig in die huis van die Here

Teks: 2 Konings 11: 1 - 21
Teksvers: 2 Konings 11: 3, 15

1. Inleiding

Om 'n veilige skuilplek te hê is vanaf die vroegste tye af vir die mens belangrik. Die mate waarin 'n skuilplek veilig is, hang natuurlik af van sy vermoë om te beskerm teen 'n spesifieke gevaar. En dit is juis waar dinge huidiglik in ons land moeilik raak. Want terwyl die wêreld gebukkend gaan onder 'n pandemie, staar ons ook plaaslik die gevaar in die gesig. Want wat is werklik 'n veilige skuilplek teen 'n vyand wat binne 'n paar dae jou gesond so kan afbreuk dat jy sterf?

In ons teksgedeelte vandag is 'n veilige skuilplek nodig. En die rolspelers kies die tempel, of dan die huis van die Here as die veilige skuilplek vir 'n jong troonopvolger. Ons sien uiteindelik dat dit 'n baie geslagte plan is. Tog kan ons nie help om onmiddelik te dink dat dit lank gelede in die Ou Testament is, waar hierdie geskiedenis afspeel nie. Daarom die vraag wat van vandag?

Wat die huis van die Here as veilige skuilplek vandag nog moeiliker maak, is die gevoel dat ons nie hier kan uitkom nie. Hier waar ons vanoggend hierdie preek lewer, is die banke leeg, en die deure gesluit, want daar is steeds 'n verbod op fisiese geestelike samekomste in ons land. Daarom voel dit maklik dat selfs al sou ons die gebruik van Jehoseba wou navolg, deur ons geliefdes in die Huis van die Here te gaan wegsteek, sou dit nie moontlik wees nie.

Maar wat is moontlik vandag, ja selfs in hierdie pandemie tyd? Kom ons gaan kyk na die profetiese woorde en optrede van Jehoseba, en die troos wat dit steeds vandag bied.

2. Bloedbad rondom die huis van die Here

Maar voor ons regtig die optrede van Jehoseba kan verstaan moet ons eers na die omgewing rondom, die huis van die Here in 2 Konings 11 kyk. Die huis van die Here staan altyd sentraal in die Ou Testamentiese volkslewe. Selfs al is dit soms om negatiewe redes. Soos dit feit dat dit meestal leeg staan omdat die volk eerder ander afgode dien. Afgode wat dikwels deur vroue van ander volke waarmee getrou is, ingebring is.

Een van die bekendste van hierdie vroue is natuurlik Isebel, die vrou van Koning Agab. En daarom is dit natuurlik nie toevallig dat Atalia ook 'n dogter van Isebel is nie, soos wat 2 Konings 8:16 dit bietjie vroeër aan ons openbaar nie. Soos haar ma huiwer sy nie om die mense wat in haar pad staan te vermoor nie. Al is hierdie mense, die prinse waarvan vers 2 praat, ook haar seuns en kleinseuns.

Die volk moes tog duidelik sien dat hier iets fout is, Atalia is die enigste vrou waarvan ons lees, wat oor die volk Juda regeer. Die enigste vrou wat op die Dawidstroom sit. Maar die bloedbad wat sy rondom haar skep, verseker haar posisie as koning. Dit is hierdie bloedbad wat ons aantref rondom die huis van die Here in ons teksgedeelte.

Die hartseer is dat hierdie nie die eerste en ook nie die laaste bloedbad rondom die huis van die Here is nie. Ons weet in Agab se tyd in 1 Konings 18, dat Isebel die profete van die Here uitgeroei het. Maar dan nog meer belangrik sien ons weer in Matteus 2:16 tot 18 dat Herodes op hierdie selfde manier aan sy troon vashou. Hy laat al die seuntjies in en rondom Bethlehem doodmaak, maar die belangrikste een, Ons Here Jesus Christus, bly lewe. Daarom is daar hoop.

3. Veilig in die huis van die Here

Maar dit is alles buite die huis van die Here, wat gebeur binne die huis van die Here in 2 Konings 11. Ons sien dat Jehoseba vir klein Joas verwyder tussen die prinse wat 'n versekerde dood in die oë staar. Maar wat nou gemaak met hierdie broerskind van haar. Hoe kan sy verseker dat hy buite die hande van die dodelike koningin Atália bly. Haar plek van veilige bewaring is uiteindelik die Huis van die Here. Maar hoekom?

Wel eerstens is daar 'n 'n Ou Testamentiese bepaling, wat ons in Numeri 19:14 al leer ken. Daar staan: “¹⁴“Wanneer iemand in 'n tent sterf, is dít die voorskrif: Elkeen wat in die tent kom, en alles wat daarin is, sal sewe dae lank onrein wees.” Ons sien hierdie beginsel ook duidelik in ons teksgedeelte na vore kom. Want selfs wanneer die bese Atália uiteindelik gevang word, word sy nie om die lewe gebring in die Huis van die Here nie. Ons tweede teksvers haal die beklemtoning van die priester aan: “Sy moet nie in die huis van die Here doodgemaak word nie.”

Die tweede rede waarom die huis van die Here 'n veilige plek vir Joas is, berus op die feit dat die bese Atalia waarskynlik nie 'n gereelde tempel besoeker was nie. Dus was die kans dat sy vir Joas daar sou raakloop, waarskynlik baie klein.

Vandag is daar maar min aan fisiese sekriteit aan die kerkgebou. En natuurlik, kan ons ook nie immunititeit teen die covid-19 verseker aan lede van die geloofsgemeenskap nie. Maar in die skuiling by die Allerhoogste vind ons wel beskerming en rus in hierdie tyd van beproewing. Die grootste swaard wat selfs die covid-19 pandemie oor ons kop kan hou is die dood. Maar ons weet dat Christus reeds die dood oorwin het. Daarom skuil ons by Hom wat reeds die dood oorwin het, ook in hierdie moeilike tyd. Dit bly beter in die huis van die Here as op enige ander plek.

Eerste Preek

4. Verlossing uit die huis van die Here

Maar Joas word nie maar net lukraak gespaar deur die Here nie. Trouens niks gebeur eintlik lukraak nie. Die Here het 'n wil met alles. Joas word gespaar om eerstens, die Here se belofte oor 'n troon opvolger uit Dawid, se familie aan te hou vervul. Maar meer as dit, is daar ook 'n roeping op sy lewe. Hy moet verlossing vir die volk bring, verlossing van die bese regeringstyd van Atalia. Want al is hy net 7 jaar oud, kyk nie volk nou na Hom vir leiding.

Joas herbou dan ook die einste tempel waarin hy beskerm is in verdere hoofstukke. Maar dit is uiteindelik die belangriker troonopvolger uit die nageslag van Dawid, wat waarlik verlossing bring. Ons Here Jesus Christus kom verlos ons van die dood. Dit is uiteindelik juis Sy sterwe wat ook die Ou Testamentiese tempel tydperk tot 'n einde bring. Ons sien dit duidelik geopenbaar in die voorhangsel wat in twee skeur.

En dit is uiteindelik dan juis hier waar ons verlossing vandag lê, waar ons skuiling in die huis van die Here lê. Want ons skuil vandag onder die kruis. Die kruis van ons Here Jesus Christus, waar Hy finaal die offer vir al ons sondes gebring het. En ons weet dat dit uiteindelik is wat kerk of die huis van die Here vandag definieer. Die verkondiging van die verlossing deur die kruis alleen. En dit is 'n stem wat vandag so nodig is in hierdie pandemie tyd. Al is die deur van die fisiese kerkgebou toe vandag, mag die stem van die kerk nie stil word nie. Want die verlossing in Christus moet verkondig word, ja juis in 'n tyd soos hierdie. Verlossing, wat die ware lewe gee. Verlossing wat in staat is om die hele volk en land weer bly en rustig te maak want die dood is oorwin.

5. Slot

Ons kan hierdie preek afsluit terug by die fisiese kerkgebou, en die feit dat dit ontoeganklik is op hierdie stadium. Tog het ons duidelik gesien, dat ons nie meer vandag besig is met Ou Testamentiese tempel nie. Ons as gemeenskap van gelowiges is kerk, is huis van die Here. Selfs al is ons fisies van mekaar verwyder vanoggend, word ons steeds in geloof, verlossing en belydenis aan mekaar gebind, vanoggend.

En dit is natuurlik ook waar oor die beskerming in die huis van die Here vanoggend. Ja selfs ook teen die pandemie vanoggend. Want die pandemie kan maar net ons lewe neem hier in die aardse bedeling waar ons nou leef. Maar as uitverkiesde lidmaat van die huis van die Here, kan niks ons skei van die liefde van die Here. Nie siekte nie en ook nie dood nie.

Dus is al wat nou oorbly die vraag, gaan skuil ons nog gereeld in die huis van die

Here. In die tye waarin ons nou leef, beteken dit stiltetyd en bybelstudie. Ja ongelukkig moet baie my geloofslewe alleen op my eie uitgeleef word, in hierdie tye van inperking. Maar elke keer wanneer ek stil word voor die woord van die Here, of in gebed Sy Naam aanroep, of selfs op my eie daar by my huis Hom eer met sang en lied. Elke keer wat dit gebeur ervaar ek weer opnuut die rustigheid wat daar is, wanneer ek skuil by die Here. Die woorde van Psalm 91 is dan waarlik vastigheid in hierdie onseker tye: “HY wat in die skuilplek van die Allerhoogste sit, sal vernag in die skaduwee van die Almagtige.

²Ek sal tot die Here sê: My toevlug en my bergvesting, my God op wie ek vertrou. ⁵Jy hoef nie te vrees vir die skrik van die nag, vir die pyl wat bedags vlieg nie,

⁶vir die pes wat in die donker wandel, vir die siekte wat op die middag verwoes nie!”

Amen